

Resensies/Reviews

Gerda Lerner: *The Majority Finds its Past. Placing Women in History*. Oxford University Press, New York, 1979. xxxii, 217 pp. voetnootlys en indeks.

Gerda Lerner het met groot entoesiasme haar op 'n laat stadium in haar lewe (toe sy reeds die veertigjarige ouderdom bereik het) begin toespits op die studie van geskiedenis. Haar belangstelling was die rol wat vroue in die geskiedenis van die Verenigde State van Amerika in besonder en dan ook in die wêreldgeskiedenis gespeel het. Sy wou 'n biografie skryf van die twee Grimke susters, Sarah en Angelina, wat as skeppers van feministiese denke op die voorpunt was van die eise om die hervorming van die gemeenskap, gedagtig aan die behoeftes van vroue. Lerner het in hierdie strewende 'n gebrek aan historiese metodologiese vaardighede ervaar en besef dat eer sy dit verwerf, sy nie reg sou kon laat geskied aan dié twee figure nie. Dit was uiteindelik die rede vir haar formele universiteitsopleiding op so 'n laat stadium in haar lewe.

Haar boek getuig uitendelik van gedissiplineerde navorsing oor die baie wye terrein van vrouebetrokkenheid in die geskiedenis van die VSA. Haar doel is myns insiens wetenskaplik regverdigbaar, nl. om in die geskiedenis te soek na die rol van vroue in hul onderskeie gemeenskappe. Sy vra na wat vroue gedoen het, hoe hulle hul plek in die wêreld begryp het en watter rol rasse- en klasse-oorwegings in hul optrede gespeel het. Lerner se waarskuwing teen die ongegronde aanname dat vroue 'n verenigde entiteit in die geskiedenis was, is vir die Suid-Afrikaanse situasie baie relevant. In die opstel oor Swart vroue in die VSA, wys Lerner op die feit dat Swart vroue in hul spesifieke gemeenskappe met die besondere behoeftes wat daar bestaan het, 'n sleutelrol gespeel het in die bevordering van Swart onderwys en in die opbou van gemeenskapstrukture en welsyninstellings, terwyl die openbare posisies deur Swart mans bekleed is. Ten slotte verklaar sy dat die "bevryding" van Swart en van Blanke vroue respektiewelik die spesifieke bevryding of verandering van die eiesoortige situasie was en dus nie 'n enkele beweging met een enkele doelstelling was nie. Binne die breë eis om emansipasie merk Lerner dus die diversiteit t.o.v. besondere behoeftes op.

Lerner se benadering tot die geskiedenis van vroue, is om 'n gebalanseerde beeld van die geskiedenis wat sy bestudeer, uiteindelik te rekonstrueer. Sy erken dat die geskiedenis van beskawings bestaan uit die geïntegreerde aktiwiteite van mans en vroue, gebaseer op geslagsgebaseerde verdeling van arbeid. Die gebrekkige aandag wat aan die rol van vroue in die geskiedenis verleen is, vervaag vlg. haar die realisering van die ideaal, nl. 'n universele of holistiese geskiedenis wat 'n sintese van tradisionele geskiedenis en vrouegesiedenis sal wees.

Die realisering van die "universele" geskiedenis vind mens nie in Lerner se boek nie. Haar opstelle oor vroueregte en Amerikaanse feminisme, politieke aktiwiteite van vroue in die anti-slawernybeweging, ens. dra tog sterk feministies-propagandistiese elemente wat nie baie simpatie wek by vroue wat dade bo kreetagtige publisiteitsoekery verkies nie. Dit moet waarskynlik in gedagte gehou word dat Lerner meen dat sy besig is met die rekonstruksie van die een onaangeraakte aspek van die geskiedenis wat uiteindelik saam met die tradisionele geskiedenis die sintese sal vorm. Daar is egter tog meriete in die standpunt dat dit beter is om van die begin af die volle perspektief in gedagte te hou.

Lerner se boek is gemaklik en vloeiend geskryf en sal sonder veel moeite op sekondêre skoolvlak en op universiteit gebruik kan word. Die probleme rondom historiografiese en konseptuele gebreke in die beoefening van vrouegesiedenis waarna sy verwys, is relevant vir die dissipline in den brede en dus is die boek uit 'n metodologiese oogpunt nuttig (waarskynlik op tersiêre vlak en nie op skool nie). Haar navorsing en verwysingstegniek kan in dieselfde verband nagegaan word.

Hierdie boek val ietwat buite die normale tematiese belangstellings- en arbeidsterrein van historici in die Afrikaanse historiese geleedere, maar verruim onteenseglik ons geskiedenisbeeld.

G Verhoef (RAU)

Die Verhaal van Suid-Afrika deur Wilhelm Grütter in oorleg met prof. D.J. van Zyl. Human en Rousseau, Kaapstad, 1982. 64 pp., illus., bladwyser. Prys: R9,95.

Die Verhaal van Suid-Afrika is 'n **Kennis**-boek wat die artikels oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die Kennis-ensiklopedie saamvat.

Die skrywers probeer 'n bondige oorsig oor die geskiedenis van Suid-Afrika gee vanaf die Portugese omseiling van die Kaap die Goeie Hoop tot by die grondwetlike hervorming in 1982. Die veertien hoofstukke waarin die "verhaal van Suid-Afrika" aangebied word, is inderdaad die hoofmomente van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Die werk gee nie voor om 'n akademiese verhandeling te wees nie en is hoofsaaklik op skoolleerlinge en die algemene publiek gemik. Besonder sinvol is die invoeging van kantaantekeninge oor tersaaklike inligting, maar wat die gang van die inhoud sou steur as dit in die teks ingesluit sou wees. So kry die leser nuttige kennis rakende bv. "die skepe van die ontdekkers", "die drakoniëse regspraak", "'n nasie pleeg selfmoord", "die fleur van Skotland val by die loopgrawe", en talle ander ekstra besonderhede. Ook die verwysings na wat op 'n gegewe tydperk elders in die wêreld gebeur het, dien tot ophelderling en beter periodisering. Daardeur word die leser die geleentheid gebied om die Suid-Afrikaanse geskiedenis met gebeure elders te relasioneer.

Elke hoofstuk word deur helderkleurige opskrifte in verskillende afdelinkies onderverdeel sonder om die logiese geskiedenisverloop te versteur. Hiervoor verdien die skrywers lof.

Besonder treffend is die pragtige, kleurvolle illustrasie- en fotomateriaal. Die uitgewers het geen moeite ontsien nie om wat dié aspek betref, 'n deeglike bydrae tot die boek te maak. Die skrywers het werklik 'n verteenwoordigende keuse gemaak. Al sou 'n leser slegs die boek ter wille van die foto's en illustrasies deurblaai, sal hy steeds 'n goeie idee rakende die geskiedenis van Suid-Afrika kry. Vir die kind en jong leser is dié aspek van die boek van hoogstaande waarde aangesien hy daardeur in staat gestel word om die verlede op 'n konkrete manier "te sien en te ervaar". Dit dra dus oneindig daartoe by dat die konkrete denklaag van die kind gestoef word.

Die bladwyser verhoog die werk ook as naslaanwerk, veral as dit gaan om die verwerwing van lees- en naslaanvaardigheid.

Die werk sluit pragtig aan by die kernsillabus van die Junior Sekondêre Geskiedenis. As sodanig is dit vir enige